17 September

Skrifgedeelte: Miga 1 en 2
Fokusgedeelte: Miga 2:7(c)

# God belowe goeie dinge

Elke donker wolk het ’n silwer rand. Wanneer ons die klein profeet Miga lees, hoor ons van die oordeel wat hy moet verkondig aan die volk van Israel. Die volk tree verkeerd op, hulle doen nie wat reg is in die oë van die Here nie. Hulle het hulle rug gedraai op God en sy gebod (gebooie). Die volk is Israel én Juda. Dikwels word daar na Israel verwys as Samaria, omdat Samaria die hoofstad van Israel was. Net so word daar na Juda verwys deur te praat van Jerusalem, wat weer die hoofstad van Juda was. Ook in Miga 1:5 dui Samaria en Jerusalem onderskeidelik op Israel en Juda.

Die volk van die Here doen nie wat reg is in die oë van die Here nie. Hulle het weggedwaal van die Here en sy verordeninge. In Miga 1:6-9 word die volgende sondes genoem: afgodediens en prostitusie, dinge wat die Here verafsku en haat. Die profeet Miga rou, huil en weeklaag oor die afskuwelike sondes – hy kla die volk aan. Verder waarsku hy dat onheil, rampe en ellende wag op almal wat hulle aan die sondes skuldig maak (Miga 2:1-4).

Dan weerklink die barmhartigheid en genade van God in Miga 2:7: “Belowe Ek nie goeie dinge vir dié wat opreg lewe nie?” Hier is die bemoediging, die silwer rand. Te midde van die korrupte en verkeerde wêreld waarin ons lewe, is die Here bewus van sy kinders wat opreg lewe. Watter geweldige troos en bemoediging is dit nie vir elkeen van ons vandag nie? Dikwels voel ons soos Elia toe hy gedink het dat nog net hy doen wat die Here verwag en vra. Dan hoor hy van die Here self: Ek het seweduisend laat oorbly wat My dien. Net so klink die woorde van ons teksvers in die tyd van Miga, maar ook vir ons vandag, soveel eeue later: Ek belowe goeie dinge vir die wat reg leef. Hou vas wat julle het, volhard biddend in die geloof wat ek julle geskenk het en julle sal die loon ontvang met my Wederkoms.

Sing: Psalm 25:2

Ds DF Coetzee (Piet Retief)